**NG Elarduspark**
*die gemeente* ***wat omgee***



# *40 dae van* LIEFDE

# INLEIDING
## *40 dae van Liefde*

Baie welkom by ons 40 dae van liefde reeks.

**Omdat God ons liefhet,** wil ons op God se liefde reageer... Eintlik kan ons nie anders as om op God se liefde te reageer nie!

Wat sou gebeur as ons vir die volgende 40 dae ons toewy aan liefde en groei in God se liefde en die wêreld om ons liefhet met dieselfde liefde waarmee God ons liefhet? Nie 'n oppervlakkige gevoel of 'n romantiese idee nie, maar die liefde waarvan Paulus in 1 Korintiërs 13 skryf — 'n liefde wat geduldig is, vriendelik is, nie jaloers is nie, nie grootpraterig of selfsugtig is nie. 'n Liefde wat die waarheid soek, wat alles verdra, alles glo, alles hoop. Ja, 'n goddelike liefde wat vanuit God self gebore en geskenk is.

In hierdie reeks nooi ons jou om saam op 'n pad te stap — 'n reis van die hart — waarin ons dieper delf in wat dit beteken om met God se liefde te leef. Elke week sal ons 'n aspek van hierdie liefde verken, ons eie lewens ondersoek, en praktiese maniere ontdek om liefde sigbaar te maak in ons woorde, dade en verhoudings.

Liefde is nie net 'n mooi idee nie. Liefde is die kern van wie God is — en wie Hy ons roep om te wees. Kom ons leer saam hoe om in dié liefde te leef... veertig dae op 'n slag.

Gebruik hierdie boekie vir die volgende 40 dae, as 'n joernaal vir hierdie reis. Kom ons groei in die liefde soos 'n boom wat diep gewortel is in ons Bron van liefde.

*Groete in Christus,*
*Die Leraarspan*

# INHOUDS-OPGAWE


| Bladsynommer: | Tema: |
|---|---|
| 3 - 6 | WEEK 1: Die liefde maak die meeste saak |
| 7 - 11 | WEEK 2: Vriendelikheid en Geduld |
| 12 - 15 | WEEK 3: Liefde en Waarheid |
| 16 - 21 | WEEK 4: Liefde sonder 'n telkaart |
| 22 - 26 | WEEK 5: Die Liefde is onselfsugtig |
| 27 - 30 | WEEK 6: Gewoontes van die Liefde |

Week 1

# Die liefde maak die meeste saak

**Matteus 22: 34-40; 1 Korintiërs 13: 1-3 en 14: 1**

## 1 Inleidende gedagte

Een van die langste studies wat al gedoen is, is om die vraag te beantwoord wat die mens die **gelukkigste** en gesondste maak. Dit is in 1938 begin deur die groep by Harvard Universiteit wat bekend staan as: Harvard Adult Development Study. Dit volg deelnemers nou al vir meer as 80 jaar. Hierdie studie het waardevolle insigte verkry oor wat mense deur die loop van hulle lewe gesond, gelukkig en vervuld hou. Later is die deelnemers se vroulike vennote en kinders ook in hierdie studie ingesluit. Een van die bekende deelnemers was die voormalige Amerikaanse president **John F. Kennedy self.**

Sou jy kon raai wat die jarelange studie, as die belangrikste faktor vir geluk en gesondheid, bevind het? **Sterk, liefdevolle verhoudings. Die gom wat hierdie verhoudings aan mekaar verbind, is liefde.** Liefde is die sonlig, grond en water waarin ons verhoudings groei!

**Vandag gaan ons ontdek waarom liefde die meeste saak maak!**

Dit is van die begin af God wat die mens geskep het om in 'n verhouding mee te leef (Genesis 1:27)... die mens ook met mekaar sodat hy/sy nie eensaam sou wees nie (Genesis 2:18). Die liefde is die gom van hierdie verhoudings en waar die liefde ontbreek het, het die verhoudings seergekry en selfs doodgeloop.

**Die Bybel sou dalk in een woord saamgevat kon word:**
**"Verhouding"**

Ons almal het al die wonder en pyn van verhoudings beleef.

Daar is dus drie redes waarom die liefde ons hoogste strewe moet wees.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|
| Die liefde is die BELANGRIKSTE in die lewe | Die liefde is die BETEKENIS van die lewe | Die liefde is die GROOTSTE (risiko) in die lewe |

Kom ons ontdek hierdie waarhede in die volgende tekste saam!

## 2 Die teks en konteks (van die teks)

### *Lees Matteus 22:34-40* ❤❤❤

As Jesus uit die 613 wette in die Torah (die eerste 5 boeke van die Bybel) die belangrikste wet kies, dan gaan dit oor liefde tot God en jou naaste.

> "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou **hele hart** en met jou **hele siel** en met jou **hele verstand**. [38]Dit is die grootste en die eerste gebod. [39]En die tweede, wat **hiermee gelyk staan**, is: 'Jy moet jou **naaste liefhê soos jouself.**' [40]In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

Die hart word baie keer geassosieer met die sentrum van menslike emosies, wil, begeerte en morele keuses, maar in die Bybelse konteks is dit nie net die plek van gevoelens nie, maar van besluitneming. Liefde vir God kom dus uit jou diepste innerlike wees — jou **hele wese.** Die begrip vir siel verwys na wat die Jode as "wese" ('nefesh' in Hebreeus) verstaan het. Dit wys dat jy vanuit jou **hele bestaan en identiteit** liefhet. Die verstand dui op intellektuele betrokkenheid, denke en oorweging. God vra nie net emosionele liefde nie, maar ook verstandelike toewyding. Liefde vir God sluit in die gebruik van jou denke, insig en bewuste keuses – jou **hele lewe!** Dus moet jy hart, siel en verstand lees met die begrip van **"hele"!** Dit is soos Koning Arthur van Camelot (in die film First Knight (1995)) sê:

> ***"You can't love in pieces."***

Hierdie aanhaling beklemtoon Koning Arthur se oortuiging dat ware liefde onvoorwaardelik en volledig moet wees; mens kan nie net sekere dele van iemand liefhê nie — dit is alles of niks.


### *Lees 1 Korintiërs 13:1-3 en 14:1 saam* ❤❤❤

Paulus skryf hier aan 'n gemeente in Korinte wat naby die dorp Delphi geleë was. By Delphi vind ons 'n orakel waar die heidense profetes in beswyming gegaan het en dan in hemelse tale gepraat het (wat die gode vir die mense wou sê). Dan moes 'n ander profetes wat bygestaan het, dit aan die mense uitlê wat die orakel besoek het.

Sommige van die gelowiges in die gemeente in Korinte het dus verwarring veroorsaak en die verhoudings onder mekaar versuur deur daarop aanspraak te maak dat hulle gawe om in tale te kan praat belangriker en meer "geestelik" is as die ander mense se gawes. Die verhoudings het skade gelei. Paulus hanteer hierdie saak in hoofstuk 12-14, maar in hoofstuk 13 begin hy vir die gemeente nog 'n beter weg te wys, die weg van liefde.

## 3 Ontgin die teks

**Bespreek die volgende vrae:**



Waarom glo jy is liefde die belangrikste gebod vir Jesus?

Hoe kan die wyse waarop ek ander mense liefhet, gelykstaande wees aan die wyse waarop ek God liefhet?

Watter waarheid word vandag weer vir jou beklemtoon wanneer jy 1 Korintiërs 13:1-3 en 14:1 lees?

## 4 Vorming deur die teks



As jy na jou interaksies deur die dag kyk, of hoe jy by mense teenwoordig is, wat sal dit vertel van wat die grootste prioriteit in jou lewe is?

Wat het die wyse waarop ek my tyd en geld bestee, te sê oor die belangrikste prioriteite in my lewe?

Wie is die persoon in my lewe teenoor wie ek die risiko moet neem om lief te hê? (Om lief te hê maak ons kwesbaar en jy neem altyd 'n risiko wanneer jy liefhet)

-----------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------

Watter verhoudings in my lewe het ek die laaste tyd afgeskeep wat nou weer versorging nodig het?

-----------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------

## 5 Huisgeloof

Neem 'n kalender of jou dagboek en maak dit 'n prioriteit om lief te hê. Skeduleer afsprake met jou lewensmaat, kinders, familie en 'n vreemdeling (of iemand wie jy nie goed ken nie). Drink 'n koffie saam of doen iets lekker saam waar jy die kans neem om met jou hele wese na die persoon te luister.

*Peter Scazzero skryf in sy boek, Emotionally Healthy Relationships en Emotionally Healthy Spirituality die wyse woorde: "To love well is to listen well". Luister na die persoon se emosies, drome, begeertes... na sy/haar hele menswees!*



# Week 2

# Vriendelikheid en Geduld

**Lukas 10:25-37**

## 1 Inleidende gedagte

Eendag het 'n man se motor in spitstyd by 'n verkeerslig gebreek. Toe hy, nadat die lig vir 'n tweede keer groen geword het, nog nie sy motor aan die gang kon kry nie, het die mense agter hom op hulle toeters begin blaas. Die man het heel rustig uit die motor geklim en na die persoon reg agter hom geloop, sleutels in die hand. "Meneer," het hy gesê, "ek sukkel om my motor aan die gang te kry. Wil jy my nie 'n guns doen en kyk of jy dit kan regkry nie, dan sal ek in jou motor klim en jou motor se toeter aanhoudend druk."

Sulke verhale van on**geduld** en on**vriendelikheid** is deel van ons alledaagse lewe. Tog wanneer **1 Korintiërs 13** liefde beskryf, dan begin dit met die woorde wat sê dat liefde **geduldig** en **vriendelik** is.

In **Efesiërs 4:1b en 2** skryf Paulus ook die volgende woorde aan die gemeente in Efese:
"Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. Wees altyd beskeie, **vriendelik en geduldig**, en verdra mekaar in **liefde.**"

In die Bybelse konteks het **geduld en vriendelikheid** diep geestelike betekenisse wat verband hou met die karakter van God en die vrug van die Heilige Gees.

### Geduld:

Is die vermoë om lank te verdra sonder om moedeloos of kwaad te word, veral in moeilike omstandighede of teenoor mense wat jou verkeerd behandel. Dit is ‘n uitdrukking van vertroue in God se tydsberekening en plan. Geduld gaan ook oor jou houding teenoor ander.

### Vriendelikheid

Is ‘n innerlike goedheid wat sigbaar word in sagte, liefdevolle optrede teenoor ander. Dit beteken om opbouend, bemoedigend en deernisvol teenoor mense te wees – selfs wanneer hulle dit nie verdien nie. Vriendelikheid is dus liefde in aksie.

***Gesels saam:*** Waar is hierdie verhale van ongeduld en onvriendelikheid vandag sigbaar?

--------------------------------------------------------------------------------

Wat maak dat dit soms moeilik is om geduld te hê en vriendelik te wees?

--------------------------------------------------------------------------------

# 2 Die teks en konteks (van die teks)

*Lees Lukas 10:25-37* ❤❤❤

Jesus vertel die verhaal van die Barmhartige Samaritaan nadat 'n wetsgeleerde aan Hom 'n strikvraag stel oor hoe 'n mens die ewige lewe kan kry. Jesus antwoord deur die wetsgeleerde te vra wat die wet van Moses sê en hy antwoord deur die samevatting van die wet te gee, naamlik: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself."

Die verhaal wat Jesus dan vertel antwoord die vraag oor wie jou naaste is, maar gee terselfdertyd vir ons 'n voorbeeld van wat liefde is. As ons die verhaal lees dan is dit deurtrek van waardes, soos **geduld**, sorg, **vriendelikheid** en behulpsaamheid.


In die verhaal is daar vier karakters. Die man wat seerkry, wat heel waarskynlik 'n Jood was, die Samaritaan, die priester en 'n Leviet. Die man wat seerkry word beroof, geslaan en gelos vir dood. Daar kom 'n priester en 'n Leviet om die beurt verby en nie een van hulle (sy eie mense) help hom nie. Dan stop die Samaritaan, die mees onwaarskynlikste kandidaat, en help die Joodse man. Jode en Samaritane het nie met mekaar oor die weg gekom nie, maar ten spyte daarvan stop hy om te help.

Daar is baie redes wat ons sou kon aanvoer hoekom die priester en Leviet nie gehelp het nie, soos dat hulle bang was die rowers is nog daar of dat hulle nie onrein wou word deur aan die bebloede man te vat nie. Tog probeer Jesus iets demonstreer van wat liefde van 'n mens vra.



## 3 Ontgin die teks

***Gesels saam:***



***Plaas jouself in die skoene van elkeen van hierdie karakters en gesels saam oor hoe hulle die situasie moes beleef.***

Met watter een van die karakters kan jy die meeste identifiseer?

------------------------------------------------------------------------------------------

Wat staan vir jou uit in die manier waarop die Barmhartige Samaritaan die situasie hanteer?

------------------------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------------------------

Waar sien jy geduld en vriendelikheid in die verhaal?

------------------------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------------------------

## 4 Vorming  deur die teks


Om **geduld en vriendelikheid** deel te maak van jou lewe, beteken dat jy ook 'n hartsverandering moet hê. Jesus het ons eerste liefgehad en daarom het ons die vermoë om ander lief te hê. **Geduld en vriendelikheid** spruit uit ons diep liefde vir God, ander en onsself en daarom is dit net die vrug van wat in ons harte aangaan.

Ons moet na ander kyk met God se perspektief en bril en nie met ons (somtyds selfgerigte) bril en perspektief nie. Dit is nie maklik nie en daarom moet ons bid dat God ons help om deur Sy Gees vir ons die vermoë te gee om diep lief te wees vir ander mense.

## Die Barmhartige Samaritaan doen 4 dinge wat uitstaan:

1. **Hy sien die man raak**
2. **Hy simpatiseer met hom en kry hom jammer**
3. **Hy help waar hy kan**
4. **Hy gee sy tyd en geld**

***Gesels saam:***



Wat leer jy uit die verhaal wat jou kan help om met meer geduld en vriendelikheid te lewe?


Wat moet in jou lewe verander, sodat jy met God se oë na ander kan kyk?

# 5 Huisgeloof

**Hier is 2 oefeninge vir die huis:**

- Dink aan of skryf die naam van persone neer wat jou geduld toets of teenoor wie jy onlangs onvriendelik was. Wat het veroorsaak dat jy so gevoel en opgetree het? Skryf nou 10 mooi eienskappe van daardie persoon op 'n papier neer en bid vir daardie persoon.

- Gaan op die ***Bible YouVersion toepassing*** en kyk hoeveel verse daar in die Bybel is met die woord geduld en vriendelik. Druk 'n paar van daardie verse uit of skryf dit op 'n papier en lees elke oggend voor jy skool of werk toe gaan een van daardie verse. Dra die vers sommer saam met jou vir die dag.



# Week 3 Liefde en Waarheid

**Lukas 10:25-37**

## 1 Inleidende gedagte

"Liar Liar" is 'n komediefliek uit 1997 met Jim Carrey in die hoofrol as Fletcher Reede, 'n suksesvolle, maar oneerlike prokureur. Die storielyn draai om Fletcher se seuntjie wat 'n wens maak dat sy pa vir 24 uur lank nie kan jok nie - en dit word waar. Hierdie wens dwing Fletcher om die waarheid te vertel in elke situasie, wat tot chaos, maar ook selfontdekking lei.

Die fliek beklemtoon die belangrikheid van eerlikheid en die negatiewe gevolge van leuens. Dit wys ook hoe persoonlike verhoudings, veral dié tussen ouers en kinders, skade ly wanneer eerlikheid ontbreek. Uiteindelik leer Fletcher dat ware sukses en geluk kom uit integriteit en liefde, nie uit manipulasie nie.

***Klik hieronder vir die voorskou van Liar Liar:***

***KLIK HIER***

As jy vir 24 uur lank net die waarheid kon praat soos in Liar Liar, watter snaakse of ongemaklike oomblikke dink jy sou daar wees – en hoe sou jy dit hanteer?

Hoekom is dit soms vir mense makliker om te jok as om die waarheid te praat?

## 2 Die teks en konteks (van die teks)

***Lees 1 Korintiërs 13:6 &***
***2 Korintiërs 2:4; 7:8-12***

Paulus en die gemeente in Korinte het ‘n interessante verhouding gehad, wat soms met trane gepaard gegaan het.

Paulus het die gemeente begin. Nadat hy daar weg is om ander geloofsgemeenskappe te stig, ontvang hy die nuus dat daar verdeeldheid, elitisme en losbandigheid in die gemeente is. Sommige Christene het selfs dronk geword by gemeentebyeenkomste. Hy skryf ‘n brief om die gemeente aan te spreek. Hierdie brief is nie in die Bybel nie, maar dit word in 1 Korintiërs 5:9 genoem.

Hierna skryf Paulus 1 Korintiërs, waarin hy God dank vir die gemeente, en hulle aanmoedig om te lewe soos mense wat aan Christus behoort. Hoewel dit lyk asof die gemeente Paulus se woorde ter harte geneem het, was daar nou sommiges wat teen hom gerebelleer het. Hulle het op hom neergesien omdat hy nie welsprekend was soos ander predikers nie, en omdat hy arm was en handearbeid verrig het. Hulle was selfs agterdogtig oor sy insameling vir die gemeente in Jerusalem in ‘n tyd van nood.

Paulus besoek die gemeente, maar dit was ‘n moeilike besoek wat hom seergemaak het. Later stuur hy vir hulle sy “tranebrief”. Hierdie brief is ook nie in die Bybel nie, maar ons lees daarvan in 2 Korintiërs 2:4. Ons kry die indruk dat Paulus baie eerlik is in die brief. Hy praat sy hart uit teenoor die Christene oor dit wat hom ontstel. Hy wou hê hulle moes besef hoeveel hy vir hulle omgee, maar dat hulle gedrag teenoor hom, hartseer is. Van die gemeentelede het hom verder beledig en gesê in sy briewe is hy vol bravade, maar dat hy swak is in persoon. Die meerderheid Christene het hom gehoor, en hul houding teenoor hom verander.

Hierna skryf Paulus 2 Korintiërs om die gemeente te verseker van sy liefde en verbintenis aan hulle. In 2 Korintiërs is hy bly oor versoening, en hy verduidelik die evangelie van die gekruisigde Jesus – en dat status nie saak maak nie. Inteendeel, Paulus sê in hoofstuk 11:30: “As daar dan geroem moet word, sal ek roem, maar dan oor my swakhede”. ‘n Hooftema wat regdeur sy briewe loop, is hoe die lewe in geloof lyk – ‘n lewe waarin dinge omgekeer is – waar jou status in die samelewing nie tel nie, maar wel die liefde wat jy leef.

So praat Paulus die waarheid in liefde - met trane.

## 3 Ontgin die teks

Paulus praat uit sy hart met mense wat hom seermaak en beledig. Dit kon nie maklik wees nie, veral omdat van hulle op hom neergesien het. Plaas jouself in Paulus se skoene. Hoe sou jy dit hanteer as jy hy was?

---

---

Hoekom dink jy is dit so moeilik om kritiek te aanvaar van iemand wat werklik vir jou omgee? Wat leer ons uit Paulus se verhouding met die Korintiërs hieroor?

---

Paulus sê liefde is bly oor die waarheid (1 Korintiërs 13:6). Wat beteken dit vandag as ons kyk hoe ons mekaar in ons geloofsgemeenskap aanspreek en ondersteun?

## 4 Vorming  deur die teks

***"Forgiving and being reconciled to our enemies or our loved ones are not about pretending that things are other than they are. It is not about patting one another on the back and turning a blind eye to the wrong. True reconciliation exposes the awfulness, the abuse, the hurt, the truth. It could even sometimes make things worse. It is a risky undertaking but in the end, it is worthwhile, because in the end only an honest confrontation with reality can bring real healing. Superficial reconciliation can bring only superficial healing." Desmond Tutu***

Beskryf 'n keer toe iemand eerlik en liefdevol genoeg was om vir jou te sê wat jy moes hoor, pleks van wat jy wóú hoor? Hoe het dit jou gehelp?

Wie in jou lewe kan jy vertrou om eerlik met jou te wees – en hoe kan jy meer oop wees vir sy/haar insette?

Hoe kan ek die waarheid praat teenoor iemand wat ek liefhet, sonder om veroordelend te wees - wat kan ek doen om my woorde op 'n liefdevolle manier oor te dra? **Deel met mekaar – wat het al vir jou gewerk en wat nie? Voeg uit die groep idees by die lysie hieronder:**

1. Doen selfondersoek – wat is my beweegrede? Is dit om my sin te kry, of is dit omdat ek regtig omgee en verandering wil sien?
2. Praat op die regte tyd, wanneer jy die persoon se aandag het.

3 Wees nederig en opreg.

4 Maak jouself verstaanbaar......

5 ---------------------------------------------------------------------------

6 ---------------------------------------------------------------------------

7 ---------------------------------------------------------------------------

8 ---------------------------------------------------------------------------

9 ---------------------------------------------------------------------------

10 ---------------------------------------------------------------------------

Kan Christene in ons land die waarheid praat oor onreg? Op watter manier dink julle kan dit in liefde gedoen word?

---------------------------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------------------------

## 5 Huisgeloof

Wanneer 'n persoon iets gedoen of gesê het wat jou so ontstel dat jy nie kan aanbeweeg nie, moet 'n mens daaroor praat. 'n Goeie manier om dit in liefde te doen, is om "Ek-taal" te gebruik: Jy sê op 'n eenvoudige manier wat gebeur het, en hoe dit jou laat voel het. Byvoorbeeld: "Toe jy voor almal ongeduldig geraak het omdat ek nie my sleutels kon kry nie, het ek dom gevoel". Jy kan sê hoekom dit jou so laat voel het. Moenie die persoon beskuldig of beledig nie. Stel dit eenvoudig, en fokus op die emosie wat jy gevoel het.

Oefen dit in julle huwelik – dit voorkom beskuldigings heen en weer, en dat 'n groot bakleiery ontstaan as gevolg van iets klein. Die respek en liefde wat daaruit voortkom, sal na die hele gesin oorspoel.



# Week 4

# Liefde sonder ‘n telkaart

**1 Korintiërs 13:5 en Matteus 18: 21–35**

## 1 Inleidende gedagte


In 1 Korintiërs 13 gebruik Paulus ’n reeks aktiewe werkwoorde om selfopofferende liefde te beskryf. Hierdie Skrifgedeelte is veral geliefd onder gelowiges en word dikwels by troues voorgelees om huweliksliefde te beskryf.

Die gemeente in Korinte het omstreeks die jaar 50 n.C. ontstaan in die stad Korinte, ’n internasionale handelsentrum wat bekend was vir beide voorspoed en die morele verval van groot stadslewe. Lees gerus Handelinge 18:1–18 vir ’n beskrywing van Paulus se bediening daar.

Die verkondiging van die evangelie aan die Jode in Korinte het op hewige teenstand afgekom. Volgens Handelinge 18 het die Jode godslasterlik opgetree, waarna Paulus sy klere uitgeskud en gesê het: “Julle bloed is op julle eie hoof. Ek is onskuldig. Van nou af gaan ek na die heidene.” Daarop het Paulus die evangelie aan nie-Jode verkondig, en ’n groot gemeente het tot stand gekom.

Drie jaar later skryf Paulus die brief aan die Korintiërs in reaksie op ontstellende berigte oor partyskappe, onsedelikheid en verdeeldheid in die gemeente. Hy spreek ook vrae aan oor afgodsoffervleis, geestelike gawes en die opstanding van die dooies.

***Gesels saam:***



Waarom dink julle word 1 Korintiërs 13 so gereeld by troues gebruik?

Wat sê die geskiedenis van die gemeente in Korinte vir jou oor die uitdagings van kerkwees in ’n diverse samelewing?

## 2 Die teks en konteks (van die teks)


1 Korintiërs 13 vorm deel van ’n groter gesprek oor geestelike gawes (hoofstukke 12–14). In hoofstuk 12 verduidelik Paulus die verskeidenheid van gawes van die Heilige Gees, wat bedoel is om die liggaam van Christus op te bou tot diensbaarheid. Hy sluit af met: “Lê julle toe op die beste genadegawes.” (12:31) en begin dan hoofstuk 13: “Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is.”

Hoofstuk 14 bespreek onder meer die gawe van tale, wat wanorde veroorsaak het in die eredienste. Gawes is begin gebruik as simbole van meerderwaardigheid, en dit het die gemeente se eenheid bedreig.

1 Korintiërs 13 is die hoogtepunt van hierdie bespreking – die liefde is die mees uitnemende weg wat gelowiges behoort te volg en te leef.



### Die telkaart




***Lees 1 Korintiërs 13:5 en Matteus 18:21-35***

Paulus se woorde dat liefde nie boek hou van die kwaad nie, wys op die vergewensgesindheid wat liefde kenmerk. In Matteus 18:21–35 vertel Jesus ’n gelykenis om die belang van vergifnis te illustreer. Petrus vra vir Jesus hoeveel keer ’n mens iemand moet vergewe – sy vraag impliseer dat daar perke behoort te wees. Jesus se antwoord wys egter dat vergifnis geen beperking het nie.

Ons lewe saam met God rus op die fondament van vergifnis. God vergewe ons uit genade – en daarom is vergifnis ook vir ons ’n roeping.

## 3 Ontgin die teks

***Gesels saam:***



Wat leer julle oor die plek van liefde in verhouding tot geestelike gawes?

------------------------------------------------------------------------------------

Het julle al ooit ervaar dat geestelike gawes eerder verdeeldheid as eenheid veroorsaak? Hoe is dit hanteer?

Wat beteken dit vir julle dat liefde nie “boek hou van die kwaad” nie?

## 4 Vorming  deur die teks

Die onlangse verhaal van Joshlin Smith se verdwyning het baie mense diep getref. Dit het later geblyk dat haar ma en vriende haar aan mensehandelaars verkoop het. Die wreedheid van die daad laat ons met afgryse en ’n menslike drang na geregtigheid – selfs straf.

Maar stel jou voor hierdie mense was jou eie familie. Hoe sou jy voel? Hoe sou jy reageer?

Wanneer ek nadink oor hierdie gebeure én lees dat liefde nie boek hou van die kwaad nie, bevind ek myself tussen twee pole: my menslike reaksie om te oordeel en die evangelie se roep tot vergifnis. Jesus leer ons immers om te bid: “Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.”

Vergifnis is nie ’n maklike pad nie. Ons begeer geregtigheid, maar word geroep tot liefde. Soos iemand geskryf het: “True forgiveness can come only when justice and love work together.” Geregtigheid en vergifnis sluit mekaar nie uit nie. Ons kan onreg erken én steeds vergewe.

***Gesels saam:***

Hoe hanteer jy persoonlik nuus van groot onreg of wreedheid?

## Die praktyk: om sonder 'n telkaart te leef

Om in liefde te leef is 'n keuse. Net so is vergifnis 'n keuse. Jy kies om nie wraak te wil neem nie, maar om in liefde op te tree. Hier is hoe dit prakties kan lyk:

**1**

**Wanneer iemand jou benadeel of seermaak, mag jy jou seer erken en die persoon daarvan bewus maak.**

**2**

**Jy kies om in liefde en met respek te reageer – ongeag die ander persoon se gedrag.**

**3**

**As die ander persoon insig toon en om verskoning vra, ontvang jy hom of haar met vergifnis, en begin werk aan herstel.**

***Gesels saam:***

Het jy al iemand vergewe sonder dat hulle om verskoning gevra het? Hoe het dit jou beïnvloed?

---------------------------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------------------------

## Hoeveel keer moet ek vergewe?

Dis nie maklik om oor en oor te vergewe nie. Petrus het gemeen sewe keer is genoeg – Jesus antwoord met "sewentig maal sewe". 'n Simboliese manier om te sê: vergifnis het nie 'n einde nie.

Vergifnis is 'n proses. Jy kan iemand vergewe, maar die pyn bly dalk lank by jou. Elke keer wanneer herinneringe opvlam, moet jy weer kies om te vergewe.

***Gesels saam:***

Hoe sien jy die balans tussen om weer en weer te vergewe en grense te stel?

---------------------------------------------------------------------------

## Gevolge bly, al is daar vergifnis

Vergifnis kanselleer nie die gevolge van verkeerddoen nie. Dit beteken nie dat daar geen pyn of letsel is nie. Maar dit skep ruimte vir herstel. Vergifnis is 'n belangrike merker op weg na herstel in die toekoms.

***Gesels saam:***

Het jy al vergifnis geskenk terwyl jy steeds met die gevolge moes saamleef? Hoe het jy herstel gevind?

---------------------------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------------------------

## As iemand nie verskoning wil maak nie

Wat doen jy as die ander persoon geen insig toon nie? Jy kies om die seer los te laat, sodat dit jou nie verder vashou nie. Jesus leer ons om nie te oordeel nie: Romeine 12 sê ons moet in vrede leef met alle mense, selfs die wat ons diep seergemaak het. Wanneer jy woede ervaar oor die onreg wat jou aangedoen is, moet jy onthou dat woede 'n besoeker by jou kan wees maar nooit 'n inwoner.

***Gesels saam:***

Hoe kan mens jouself bevry van die seer, selfs al vra die ander persoon nie om verskoning nie?

---------------------------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------------------------

## Word 'n vergewensgesinde persoon

Vergifnis begin by selfkennis. Wees bewus van jou eie tekortkominge, vra vergifnis daarvoor – en wees bereid om dit ook teenoor ander te erken.

Vergifnis vra ook bereidheid om onvoorwaardelik met die gee van vergifnis om te gaan, selfs wanneer iemand weier om verskoning te vra vir iets wat gedoen is. Die pad na herstel begin met die ontvangs van vergifnis en eindig deur dit te gee.

Herstel vra dikwels meer as woorde. Dit vra aksie – restitusie – wat wys dat jy die verhouding opreg wil herstel.

***Gesels saam:***

Hoe beoordeel jy jou eie gesindheid oor vergifnis tans?

-----------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------

Is daar iemand aan wie jy dalk moet gaan sê jy is jammer? Wat keer of weerhou jou daarvan?

-----------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------

# 5 Huisgeloof

## Vergifnis as geloofsgewoonte

Vorm jou geloofslewe om vergifnis 'n groter rol te laat speel. Begin by jou gesin.

### 1 STOP

Maak doelbewus tyd om stil te word en jou lewe te oordink. Vra die Here om jou bewus te maak van jou verhouding met Hom, jouself en ander.

### 2 KYK

Wat veroorsaak pyn in jou lewe? Is dit iets wat jy gedoen het, of wat ander aan jou gedoen het? Vra die Here om jou hiervan te bevry.

### 3 LUISTER

Wat hoor jy in jou eie gedagtes? Wat sê die Here vir jou deur Sy Gees? Watter insigte ontvang jy oor jou eie roeping tot vergifnis?

### 4 DOEN

Bid vir die moed om vergifnis te skenk én te vra. Vra die Here om jou te help om 'n draer van Sy liefde te wees – iemand wat in liefde, sonder 'n telkaart, leef.

Week 5

# Die Liefde is onselfsugtig

**Lukas 10: 25-37**

## 1 Inleidende gedagte

In die "Metawêreld" waarin ons onsself bevind met al die sosialemediaplatforms en soekenjins, waar ons "beweeg", word daar 'n algoritme geskep van dit waarvan ons hou en nie hou nie, selfs waarna ons smag, of oor bekommer. Wanneer jy jou foon of rekenaar oopmaak, word jy gebombardeer met advertensies, versies, video's en foto's van wat jy as mens nodig het.

Die algoritme praat met jou, "Ek", en wat goed is vir jou, wat jy nodig het en hoe jy na jouself moet kyk. Dalk is dit die volgende oefen- of eetplan, of miskien die nodige rus of selfsorg. Dit word gebou en gevorm om jou "eie ek".

Stellings oor selfsorg en om na jouself eerste om te sien, of om jouself eerste te plaas, word konstant in alle vorms van media na ons toe terugbasuin, met die gevolgtrekking dat ons nie anders kan as om ons denkpatroon te skuif na 'n "ek eerste" mentaliteit nie.

### Maak dit ons dan *selfsugtig?*

In Lukas 15:11-24 lees ons die gelykenis van die verlore seun. In hierdie gelykenis lees ons van die seun se "eie ek" mentaliteit. Maar tog, wanneer dinge verkeerd loop en sy erfgeld weggeblaas is, keer hy terug na sy Vader se huis, wat hom dan ontvang met ope arms. Die pa dink nie een keer oor homself en hoe hy benadeel is of seergemaak is deur sy seun nie, eerder wys hy onselfsugtige liefde deur sy seun terug te verwelkom.

God is vir ons die voorbeeld van 'n pa wat onselfsugtig liefhet - altyd. Die beste voorbeeld van onselfsugtige liefde, is die voorbeeld van ons Here, Jesus Christus.

Is selfsorg of na myself omsien dan verkeerd? Geheel en al nie! God pleit by ons om mooi na onsself om te sien, ons liggaam 'n tempel te hou. In die Tien Gebooie lees ons oor Sabbat en rus. God wil hê jy moet rus.

Wanneer ons wel 'n teks oor rus lees, dan loop die rus saam met God. In Psalm 23 lees ons in vers 2 "Hy laat my in groen weivelde rus. Hy bring my by waters waar daar vrede is." Die woorde "Hy laat my" en "Hy bring my", wys dat God die kern van daardie rus moet wees. God moet die kern en middelpunt van jou hele menswees wees.

Wanneer ons dan kyk na selfsorg of self, leef ons binne die identiteit in Christus. Ons kan nie "self" sonder Hom sien nie, want ons leef in konstante verhouding met Hom.

## Wat is dan selfsugtig?

### Selfsugtige optrede

**Om te leef in jou *eie ek* sonder God**

**Om te leef *buite* Sy wil en plan vir jou lewe.**

**Om *sonder* God se liefde as jou middelpunt te lewe.**

**Wanneer ek lewe vir *myself* dan is dit soos om hande-na-binne te leef – alles net vir *myself*.**

### Onselfsugtige optrede


**Om te leef saam met God in alles, elke dag, maar om dan vanuit Sy liefde te leef na ander.**

**Om op reis te wees saam met God en binne Sy roeping vir jou lewe te leef.**

**Om God as middelpunt te hê en Hom deel te maak van alle fasette van jou menswees**

**Wanneer ek my hande begin oopmaak na ander, om te dien, om lief te hê, dan leef ek na buite.**

***Gesels saam:***



Beskryf jou "eie ek".

------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------

Wat verstaan jy onder onselfsugtige liefde?

Beskryf jou “eie ek” in pas met God.

## 2 Die teks en konteks (van die teks)

***Lees Lukas 15:11-24***

Jesus kom vertel vir ons die gelykenis van die verlore seun. Dit is ‘n gedeelte in die Bybel wat ons al keer op keer gehoor het. Oorspronklik is die gelykenis geskryf om die kontras te wys tussen God se liefde en die uitsluiting van die Fariseërs en hoe die mense eintlik teenoor ander leef.


Vergifnis speel natuurlik ook ‘n groot rol tussen die pa en seun en verwys weer terug na die onselfsugtige liefde van God. ‘n Liefde wat onvoorwaardelik, weer en weer sy kinders wat verlore gaan terugverwelkom wanneer hulle om vergifnis vra. Die Vader wat sy seun met ope arms ontvang, wys na God wat weer met ope arms ook ons ontvang.

Met ‘n terugblik na hierdie gelykenis vanuit die perspektief van ‘n gekruisigde en opgestane Jesus Christus, verstaan ons soveel meer die Vader se liefde vir Sy seun, en so dan ook God se liefde vir Sy kinders.

## 3 Ontgin die teks

***Lees weer saam Lukas 15: 11-24***

***Gesels saam:***



Watter woord of gedagte staan vir jou in die teks uit?

Sien jy jouself raak in die optrede van die pa, of in die optrede van die seun? Hoekom sê jy so?

Is hierdie teks ‘n voorbeeld van onselfsugtige liefde? Gesels daaroor.

## 4 Vorming  deur die teks

***Selfsorg of Selfsugtig?***

Dit is deel van ons geestelike groei en ritme om stilword-, rustye en binnekamertye vir onsself te skep. Om na onsself om te sien en selfsorg toe te pas, is ‘n geskenk wat God vir ons wil gee. Selfliefde kan nie sonder God plaasvind nie, want dit is dan wanneer ons begin om selfsugtig te leef, vir myself te lewe en nie meer vir ander mense nie. Ons moet leef vanuit God se liefde vir ons.

Die liefde is onselfsugtig. Onselfsugtige liefde, soos waarvan ons in 1 Korintiërs 13 lees, is waarna God ons lei deur die voorbeeld van Jesus.

Om onselfsugtig te staan en jou kind terug te verwelkom, om onselfsugtig jou eie ek agter te laat en terug te keer na jou pa se arms, is wat God van ons vra.

***Gesels saam:***

As jy dink aan Selfsorg vs. Selfsugtig – hoe verstaan jy dit en wat sou jy in jouself daaroor wou verander?

Hoe lyk onselfsugtige liefde in jou eie konteks?

## 5 Huisgeloof

Gaan dink hierdie week intensioneel oor die volgende:

- Wanneer jy selfsorg toepas, maak tyd en spasie vir God binne daardie spasie. Hoe kan jy dit prakties doen?
  Bv. koppie tee/koffie drink en stiltetyd kombineer met stilwordtyd?

- Leef die week met onselfsugtige liefde. Doen 5 dinge vir iemand anders sonder om enige lof, eer of eers 'n dankie te verwag. Hou jou gesin, kollegas en gemeenskap met wie jy hierdie week in aanraking kom, in gedagte. Bv. maak 'n ekstra koppie koffie vir jou kollega wat saam met jou 'n kantoor deel.



# Week 6

# Gewoontes van die Liefde

**1 Korintiërs 13:7 en 1 Johannes 4: 7-21**

## 1 Inleidende gedagte

Ons het die afgelope 40 dae saamgereis deur ons ankerteks **1 Korintiërs 13:1-7** met die tema "Omdat God liefde is". Die einde van ons reis kom nou nader en ons trein gaan die week vir oulaas by drie stasies stop. By die **derde laaste stasie** gaan ons stop by **1 Johannes 4: 7-21**. Ons gaan saam op die platform bymekaarkom en die teks ontgin en daaruit weereens bevestiging kry van dit wat ons die afgelope 40 dae saam ontdek het – God is liefde. Dan stoom ons voort en stop ons by ons **tweede laaste stasie**, **1 Korintiërs 13:7.** Omdat God liefde is, kan ons nie anders as om mekaar lief te hê nie, en in hierdie vers gee Paulus vir ons 'n kort en kragtige lys van die kwaliteite van die liefde. Op die platform gaan ons saam hierna kyk. En soos die son sak op ons 40 dae reis, stoom ons voort na ons **laaste stasie.** Voor ons hier afklim en elkeen ons reis van liefde in hierdie wêreld voortsit, gaan julle elkeen 'n tassie ontvang met gereedskap. Op die tassie staan "Gewoontes van die Liefde" en die gereedskap daarin gaan jou toerus om jou liefdestenk vol te hou, sodat jy die kanaal kan wees waardeur God se liefde na hierdie wêreld kan vloei!

## 2 Die teks en konteks (van die teks)

***Lees 1 Johannes 4:7-21*** ❤❤❤

Hierdie teks is 'n diepgaande verklaring van wie God is en die tipe verhouding wat Hy van ons verlang. Die kern van die teks setel in die kragtige waarheid - **GOD IS LIEFDE!**

In die teks roep Johannes ons om mekaar lief te hê – dit is nie net 'n voorstel van sy kant af nie, maar gegrond in 'n dieper waarheid – dat elkeen wat liefhet uit God gebore is en God ken. Johannes vertel ons ook presies hoe God se liefde lyk, dit is die evangelie, die goeie nuus! God se liefde is nie abstrak nie, dit is opofferend, lewegewend, verlossend. Jesus het aarde toe gekom en vir ons aan die kruis gesterf, nie omdat ons dit verdien het nie, maar omdat **GOD LIEFDE IS.**

***Lees 1 Korintiërs 13:7*** ❤❤❤

In Korintiërs word dit duidelik dat Paulus gekonfronteer word met ‘n gemeente waar magstryde, jaloesie en kwaadpratery groot verdeeldheid en konflik veroorsaak. Paulus wil die gemeente herinner dat hul opnuut moet fokus op die gekruisigde Christus en wat dit van hulle vra om werklik te leef as navolgers van Jesus. Hy herinner hulle dat liefde, Agape, die diepste uitdrukking van ‘n nuwe lewe in Christus is, dat slegs liefde as ‘n gawe blywend is van aard en dat almal die gawe van liefde ontvang het... omdat God liefde is!


In 1 Korintiërs 13:7 noem Paulus vier kwaliteite van die liefde aan die hand van vier kragtige werkwoorde:

- Dit **bedek** alles
- **glo** alles
- **hoop** alles
- **verdra** alles

## 3 Ontgin die teks

In **1 Korintiërs 13:7** beskryf Paulus nie kalwerliefde nie. Paulus beskryf ‘n liefde wat nooit ophou nie. Paulus beskryf God se liefde, ‘n bonatuurlike liefde, die liefde waarvan ons ook in **1 Johannes 4:7-21** lees.

***Gesels saam:***



**God is liefde:** Wat beteken dit vir jou?

Dit **bedek** alles: Wat maak dit vir jou moeilik om verby ander se foute te kyk?

**Glo** alles: Hoe kan ons alles glo sonder om naïef te wees?

**Hoop** alles: Was daar al 'n tyd wat jy gevoel het dat jou vertroue in die toekoms wankel? Hoe het jy dit oorkom?

**Verdra** alles: Wat is die verskil tussen "verdra" ter wille van liefde en om onaanvaarbare gedrag goedsmoeds toe te laat?

## 4 Vorming  deur die teks

Ons het so baie van die liefde geleer tydens hierdie 40 dae reis. Ons het geleer van God se liefde, liefde vir onsself, en liefde vir ons naaste. Selfliefde en naasteliefde is eintlik net God se liefde wat deur ons vloei. Omdat God ons liefhet, kan ons nie anders as om onsself en mekaar lief te hê nie!

***Augustinus beskryf naasteliefde so mooi...***

**Dit het 'n sagte hand om ander te versorg. Dit het vinnige voete om ander te gaan help. Dit het skerp oë om ander se nood raak te sien. Dit het goeie ore om die geringste klag of sug van 'n naaste op te vang.**

***Gesels saam:***

Wat is die verskil tussen die wêreld se definisie van die liefde en dit wat jy die afgelope 40 dae van liefde geleer het?

Hoe kan jy wys dat God se liefde in jou leef?

-----------------------------------------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------------------------------------

## 5 Huisgeloof

Om lief te hê soos Paulus in **1 Korintiërs 13** beskryf en soos ons die afgelope 40 dae van liefde in diepte ontdek het, verg dat elkeen van ons sekere **liefdesgewoontes** in ons lewens moet inbou om seker te maak dat ons eie liefdesbron nie opdroog nie.

***Doen hierdie oefening alleen of saam met jou huisgesin:***

Noem ten minste drie praktiese voorbeelde by elke punt hieronder en maak werk daarvan om dit in jou eie lewe te implementeer en so te sorg dat jou liefdesbron gereeld gevoed word:

- Watter gewoontes van die liefde kan ek ontwikkel wat my fisies sal herlaai (byvoorbeeld rus, oefen, gesond eet)?
- Watter gewoontes van die liefde kan ek ontwikkel wat my emosioneel sal herlaai (byvoorbeeld alleentyd, kreatief wees)?
- Watter gewoontes van die liefde kan ek ontwikkel wat my geestelik sal herlaai (byvoorbeeld stiltetyd, lofprysing)?





# 40 DAE VAN LIEFDE: NOTAS